# 6 Junie 2023 - Lesing 41 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Lucifer en sy afval van God – 25/10/57

**NO: 6954** (vervolg) Maar sy (**Lucifer**) denke het steeds 'n toenemende vyandiger vorm aangeneem. Hierdie wese - die ligdraer - het die krag van liefde beny, waarvan hy geweet het dat Sy Haar ontstaan in My gehad het, en hy speel met die gedagte om My deur sy voortdurende skepping van nuwe wesens aanleiding te gee om af te sien van My liefdeskrag, **om homself die eiendomsreg oor hierdie wesens toe te eien** om My daardeur swakker te maak, terwyl hy homself verheug het in die bewys dat hy krag van My onttrek het, **en hy wou My oortroef in mag en krag**.

Hierdie gedagtes het nie skielik by hom opgekom nie, veeleer het een enkele verkeerde gedagte, 'n oomblik van verkeerd gerigte denke, ruimte gegee vir verdere nuwe valse voorstellings. Die ligdraer was in 'n tweestryd gewikkel met homself.

En hy kon maklik 'n oplossing vir hierdie tweestryd gevind het, indien hy met My daaroor gedagtes gewissel het, wat wel vir hom moontlik was. Hy het gedurig My liefdeskrag betrek en dit was juis hierdie ononderbroke instroming wat hom tot die verkeerde denke gelei het, dat hierdie instroming ewig nooit sou verander nie, **al sou hy homself afsonder van die Een Wie hy tereg as sy God en Skepper erken het**.

Maar elke gedagte wat teen My gerig was, het die **kragtoevoer verminder** en laat hom meer en meer weerspannig teenoor My word, totdat hy uiteindelik heeltemal met My gebreek het en hy daardeur ook 'n **einde gemaak het aan die instroming van krag**, wat hom in staat gestel het om te skep.

Maar in hierdie oneindige lang tyd het ook tallose wesens vanuit sy wil, met die gebruikmaking van My krag voortgekom, **wat in hulle innerlike net so gevorm was,** as wat hulle verwekker op die oomblik van skepping ten opsigte van My gestaan het. Maar My liefdeskrag deurstroom alle wesens, want anders sou hulle nooit kon ontstaan het nie, en hierdie liefdeskrag het ook al hierdie wesens in dieselfde mate na My toe gedring as na hulle verwekker.

Want alhoewel hy sy verkeerde wil in hierdie wesens geplaas het, was die lig van insig tog ook in hulle, wat My krag van Liefde in hulle ontsteek het. **Die wesens was dus nog nie sondig toe My huidige teëstander hulle laat ontstaan het nie**. Maar hulle was ook maklik geneig om aan sy voorstellings te glo, toe hy homself as die Opperwese verklaar het, **omdat geen van die geskape wesens My kon aanskou nie**. Die liefde het hulle na My aangedring, maar die een wat vir hulle sigbaar was, **wou deur hulle erken word as god en skepper,** en hy het ook erkenning gevind by daardie wesens, wie se skeppingsdaad plaasgevind het op die oomblik van sy innerlike weerspannigheid teenoor My.

Van My af was lig aan daardie siele geskenk. Hulle was ook in staat om My woord te verneem en ook was hulle in staat om te dink.

Hulle hoef dus nie aan sy voorstellings te glo of hom erken het nie, maar ook was hulle wil vry. Hulle kon nóg deur My, nóg deur My teëstander gedwing word nie, en daarom **het hulle sondig geword toe hulle hul selfbeskikkingsreg uitoefen en vir My teëstander besluit het**.

Want hulle het My herken, alhoewel hulle My nie kon aanskou nie, **maar hulle het vrywillig die een gevolg wie hulle kon sien**. Dit was as 't ware 'n besluit teen hul beterwete in en daarom 'n reusagtige skuld, wat gelei het tot die algehele verswakking van die wese, 'n verduisterde geestelike toestand en die gebrek aan alle krag. **Want die instroming van My liefdeskrag was bewustelik verwerp toe hulle My teëstander in die diepte in gevolg het**.

Slegs hy wat in staat is om te begryp in welke volmaaktheid alle wesens eens uit My voortgekom het, hoe helder die lig in hulle almal geskyn het, kan die omvang van die skuld vermoed, om die lig prys te gee en om hom te volg **wie hulle na die duisternis gevoer het.**

Al hierdie gevalle wesens kon nie tot verantwoording geroep word as hulle vooraf deur die wil van My teëstander van alle insig beroof is nie. **Maar hulle was almal voortbrengsels van My Liefdeskrag** en hulle was ook daardeur bestraal en as ligwesens in staat om die korrekte besluit te neem toe dit van hulle verlang was.

**Maar hulle het self die wil in hulleself verkeerd gerig** en hulle was nie daarin verhinder nie en in ooreenstemming met hulle skuld daarom ook die afstand van My.

En die terugkeer na My vereis ewighede en kan ook eers plaasvind wanneer **die plaasvervangende versoening van die mens JaHshua erken en gevra word** deur daardie wese wat eens geval het. Amein.